Rainbow WORKBOOKS



a b c d e
f g h i j
k l m n o p
q r s t u
v w x y z

AFRIKAANS HOME LANGUAGE
GRADE 2 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-920458-17-1
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
11th Edition

9 781920 458171

AFRIKAANS HUISTAAL – Graad 2 Boek 1

ISBN 978-1-920458-17-1




Graad 2

Naam:

Klas:

# AFRIKAANS HUISTAAL

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Dr. Reginah Mhaule, Adjunkminister van Basiese Onderwys

*Hierdie Werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev. Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, dr. Reginah Mhaule.*

*Die Reënboog-Werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan van Aksie en is moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie Werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.*

*Ons hoop dat u as onderwyser hierdie Werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek. Al die aktiwiteite in die Werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.*

*Ons hoop van harte dat leerders dit gaan geniet om die boeke deur te werk terwyl hulle leer en groei, en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.*

*Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie Werkboeke toe.*

# VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



## Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



## Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



## Gesin en familie

Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.



## Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



## Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



## Vryheid en sekuriteit

Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier.



## Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



## Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



## Veiligheid

Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.



## Burgerskap

Wees 'n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.




## Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education
Eleventh edition 2021

ISBN 978-1-920458-17-1

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked, the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

**This book may not be sold.**

# Graad 2

# Huistaal

## in AFRIKAANS



**Hierdie boek behoort aan:**



AFRIKAANS

Boek 1





# Inhoud

## Tema 1: Terug skool toe — Kwartaal 1: Week 1-5


1 Terug skool toe 2
Gedeelde lees (verhalende teks)
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Klankleer: vokaal a
Oefen om die letter Aa te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

2 Terug by die skool 4
Teken 'n prent van wat jy in die vakansie gedoen het.
Skryfoefening: Kies een van die woorde om die sinne te voltooi.
Skryfoefening: Skryf oor wat jy in die vakansie gedoen het.
Pretaktiwiteit: Voltooi die kalender en teken 'n prentjie oor wat jy elke dag gaan doen.

3 Skooldrag 6
Gedeelde lees (dialoog)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Oefen om die letter Bb te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

4 My skooldrag 8
Teken 'n prent van jouself met jou skooldrag aan.
Vul jou persoonlike besonderhede in.
Skryf sinne oor jou skooldrag.
Pretaktiwiteit: Benoem die klere in die prente.

5 'n Nuwe seun in die skool 10
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: vokaal i
Oefen om die letter Cc te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

6 Welkom by ons skool 12
Maak 'n rolspel op oor hoe jy 'n nuwe dogter of seun sou verwelkom.
Skryf: Omkring die korrekte woord.
Skryf: Skryf sinne oor 'n keer toe jy alleen gevoel het.
Pretaktiwiteit: Help die nuwe seun om by die skool uit te kom.

7 Skoolsport 14
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: vokaal o
Oefen om die letter Dd te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

8 Ek hou van sport 16
Teken 'n prent van die sport of speletjie wat jy graag wil speel.
Voltooi sinne oor die sportsoort waarvan jy hou of nie hou nie.
Skryf sinne oor die sport of speletjie wat jy geniet.
Visuele bekendstelling met veelvuldige keuse

9 Die verpleegster besoek die skool 18
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Klankleer: vokaal u
Oefen om die letter Ee te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

10 Die verpleegster sê ... 20
Die vorming van sinne op grond van prente. Begin met "Ek moet".
Skryf drie sinne oor 'n gesonde lewenswyse.
Voltooi die sinne.
Pretaktiwiteit: Verbind elke woord met die regte prent.

11 Ons eet by die skool 22
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die y-klank
Oefen om die letter Ff te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

12 Die voedsel wat ons eet 24
Teken prente van iets wat jy kan ruik, proe, voel, sien en hoor.
Benoem die prentjies van voedsel.
Skryf die sinne met die korrekte leestekens (punt, uitroepteken of vraagteken) oor.
Merk die kos waarvan jy hou en nie hou nie.

13 Ons moet ons huiswerk doen 26
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die aa-klank
Oefen om die letter Gg te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

14 Ek doen altyd my huiswerk 28
Doen 'n rolspel in pare.
Nommer prente in die korrekte volgorde.
Skryf sinne oor prente.
Pretaktiwiteit: Voltooi die prent en kleur dit in.

15 Toetse 30
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die ee-klank
Oefen om die letter Hh te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

16 Belangrike datums 32
Vra maats wanneer hulle verjaar en omkring die datums.
Skryf dan hul name met die datums neer.
Oefen om die datum van jou verjaarsdag te skryf.
Maak 'n verjaarsdagkalender.


## Tema 2: Vriende en familie — Kwartaal 1: Week 6-8


17 Verskillende gesinne 34
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die oo-klank
Oefen om die letter Ii te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

18 My gesin 36
Teken 'n prentjie van jou gesin.
Benoem jou gesinslede.
Skryf oor jou gesin.
Pretaktiwiteit: Kies vir elke lid van die gesin 'n geskenk.

19 Ek gaan na 'n troue toe 38
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die uu-klank
Oefen om die letter Jj te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

20 Pret by die troue 40
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.

21 My goeie maat 42
Doen 'n rolspel oor die storie.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die ii-klank
Skryf in jou klaserkboek.

22 My maats 44
Doen 'n rolspel oor die storie.
Skryf 'n sin oor elke prent.
Pretaktiwiteit: Leer klanke.

23 Ons gee om vir ons troeteldiere 46
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die oe-klank
Oefen om die letter Kk te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

24 Om ander te help 48
Teken 'n dier wat jy dink 'n goeie troeteldier sal wees.
Vul die korrekte voornaamwoorde in.
Vul klanke in om die woorde by die prente te laat pas.
Verbind prentjies met woorde om te wys wat jy in die oggend, middag en aand doen.

25 Ons hou ons huis skoon 50
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die ou-klank
Oefen om die letter Mm te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

26 By die huis 52
Teken wat jy tuis moet doen.
Skryf sinne wat begin met "Ek nou nie daarvan om".
Vul klanke in om die woorde by die prente te laat pas.
Pretaktiwiteit: Teken 'n prent van wat jy in die oggend, middag en aand doen.

27 Ons oefen 54
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die ui-klank
Oefen om die letter Nn te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

28 Oefening en sport 56
Vertel jou maat van watter sport jy hou.
Voltooi sinne met "Ek hou van" of "Ek hou nie van … nie".
Skryf die dae van die week in die regte volgorde.
Teken 'n prent van wat jy op 'n Maandag doen.
Pretaktiwiteit: Vertel 'n maat watter goed naby en watter ver is.

29 Ons eet gesond 58
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die eu-klank
Oefen om die letter Oo te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

30 Voedsel 60
Doen 'n rolspel van die storie in pare.
Nommer die prente in die korrekte volgorde.
Skryf twee sinne oor die prentjies.
Pretaktiwiteit: Vertel jou maat watter kleure 'n mens kry wanneer jy hierdie kleure meng.

31 Ons help mekaar 62
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Merk ja of nee.
Klankleer: die ei-klank
Oefen om die letter Pp te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

32 Help ander mense 64
Voer 'n dialoog op oor waarom ons mekaar moet help.
Vra 5 maats wat hul gunstelingkleur is. Skryf hul name en kleure in die tabel in.
Skryf sinne in die verlede tyd oor.
Pretaktiwiteit: Vind jou pad van die huis na die speelterrein.








# Tema 3: Ons reis

## Kwartaal 2: Week 1-5


**33 Ons kry goeie nuus** 66
Gedeelde lees (verhalende teks)
Direkte rede.
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord vrae in volsinne.
Klankleer: die aai-klank
Oefen om die letter Qq te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**34 Ons beplan ons reis** 68
Praat oor waarheen jy graag sou wil gaan.
Teken 'n prent op die T-hemp om te wys wat jy graag wil sien.
Skryf eiename met hoofletters.
Skryf twee sinne oor die plekke wat Jabu, Sarel en Bettie wil besoek.
Pretaktiwiteit: Speel die geskenkspeletjie met wie, waarom en die voegwoord "omdat".

**35 Waarheen gaan ons?** 70
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die aai-klank
Oefen om die letter Rr te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**36 Ek wil sien** 72
Praat oor die plekke wat jy graag sou wil besoek. Wat wil jy daar sien?
Nommer die prente in die korrekte volgorde. Vertel vir jou maat die storie.
Skryf sinne oor die storie.
Pretaktiwiteit: Teken gesigte in die busvensters en kleur die bus in.

**37 Die bustoer** 74
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die ooi-klank
Oefen om die letter Ss te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**38 Plase en woude** 76
Teken 'n prent van wat in die woud te sien is.
Skryfoefening: Omkring die korrekte woord in elke sin.
Skryfoefening: Vul die korrekte woord in.
Pretaktiwiteit: Wys die busbestuurder hoe om deur die woud te ry.

**39 Die stad** 78
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die ooi-klank
Oefen om die letter Tt te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**40 Ben hardloop weg** 80
Doen 'n rolspel oor die storie.
Nommer die prente in die korrekte volgorde.
Skryf 'n storie oor die prente.
Pretaktiwiteit: Speel die woordspeletjie.

**41 Die wildtuin** 82
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die oei-klank
Oefen om die letter Uu te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**42 Nog diere** 84
Teken 'n prent van 'n dier wat jy graag sou wil sien.
Skryf twee sinne oor jou prent.
Verbind die sinsdele om begrip van die storie te toon.
Vul die korrekte klanke in sodat die woorde by die prente pas.
Pretaktiwiteit: Voltooi die tekening met behulp van kennis van die alfabet en kleur dit in.

**43 By die see** 86
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die oei-klank
Oefen om die letter Vv te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**44 Nog by die see** 88
Die opstel van 'n lys
Die skryf van 'n poskaart
Skryf die dae van die week in die korrekte volgorde. Skryf wat jy elke dag doen.
Pretaktiwiteit: Kleur die prent in.

**45 Terug huis toe** 90
Gedeelde lees
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die eeu-klank
Oefen om die letter Ww te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**46 Die terugreis** 92
Teken 'n prent om begrip van die storie te toon.
Verbind sinsdele om sinne te vorm.
Pretaktiwiteit: Die woordspeletjie

**47 Terug in die klas** 94
Gedeelde lees (verhalende teks, direkte rede)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die eeu-klank
Oefen om die letter Xx te skryf.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**48 Terug by die huis** 96
Vertel jou maat wat jy gister gedoen het.
Skryf sinne oor wat jy môre gaan doen.
Verbind sinsdele om sinne te vorm.
Pretaktiwiteit: Teken die pad wat die bus moet ry om begrip te toon.


# Tema 4: Ons omgewing

## Kwartaal 2: Week 6-8


**49 Die storm** 98
Gedeelde lees (verhalende teks, direkte rede)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die bl- en br-klank
Skryf vir die storie 'n naam.
Vul die korrekte klanke in om die woorde by die prente te laat pas.
Sigwoorde

**50 Na die storm** 100
Vertel vir jou maat die storie. Teken 'n goeie en 'n slegte einde.
Skryf twee sinne oor jou goeie einde.
Lees die einde van die storie.
Pretaktiwiteit: Kleur die prentjie in.

**51 Die haelbui** 102
Gedeelde lees (verhalende teks, direkte rede)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die gl- en gr-klank
Skryf: Skryf hierdie woord oor en skryf 'n sin daarmee in jou klaswerkboek.
Vul die korrekte klanke in sodat die woorde by die prente pas.
Sigwoorde

**52 Na die haelbui** 104
Nommer die prente in die korrekte volgorde. Vertel vir jou maat die storie.
Skryf 'n sin oor elke prent.
Vul die korrekte klanke in sodat die woorde by die prente pas.
Pretaktiwiteit: Verduidelik 'n diagram.

**53 Dit sneeu** 106
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die st- en sl-klank
Skryf: Kopieer die sin in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**54 Sagte wit sneeu** 108
Teken 'n prent van Sarie wat in die sneeu gespeel het (afleiding).
Skryf sinne oor jou prent.
Verbind die woorde met die korrekte prente.
Vul die korrekte klanke in om die woorde by die prente te laat pas.

**55 Die seisoene** 110
Gedeelde lees (dialoog)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die sw- en sm-klank
Oefen om 'n sin te skryf.
Kies die woorde wat by die prente pas.
Sigwoorde

**56 Die vier seisoene** 112
Vertel vir jou maat waarvan jy in elke seisoen hou en nie hou nie. Sê watter klere jy in elke seisoen dra.
Verbind sinsdele om sinne te vorm.
Skryf 'n sin oor 'n seisoen waarvan jy hou en oor 'n seisoen waarvan jy nie hou nie.
Verduidelik 'n diagram wat wys hoe die padda uit 'n eier ontwikkel.
Kleur die prent van die padda in.

**57 Gaan dit vandag reën?** 114
Lees die weerkaart en sê hoe die weer elke dag gaan lyk.
Beantwoord begripsvrae oor die weerkaart.
Klankleer: die sn- en sk-klank
Skryf sinne in jou klaswerkboek.

**58 Weerkaarte** 116
Teken die weersimbool en die klere wat jy vandag moet dra.
Alfabetiese volgorde
Voeg leestekens in.
Eiename: die dae van die week

**59 Jabu was laat** 118
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die sp-, sn- en sk-klank
Skryf: Kopieer 'n sin.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**60 Hoe laat is dit?** 120
Kyk hoe laat dit is.
Dui op die horlosies aan hoe laat dit is.
Voltooi sinne volgens hoe laat dit is.
Pretaktiwiteit: Knip die horlosie agter in die boek uit en heg die wysers daaraan vas. Wys vir jou maat die verskillende tye.

**61 Meer oor tyd** 122
Gedeelde lees (verhalende teks)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die pl- en vl-klank
Skryf: Kopieer 'n sin.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**62 Hoe laat het jy ...?** 124
Kies die horlosies wat by mekaar pas.
Skryf die tye van die horlosies neer. Teken die wysers om die korrekte tye aan te dui.
Doen die woordresies.

**63 Trek reg aan vir die weer** 126
Gedeelde lees (koerantberig)
Gebruik visuele leidrade om te sê waaroor die storie handel.
Identifiseer sleutelbesonderhede in die stuk wat gelees is.
Begripsoefening: Beantwoord die vrae in volsinne.
Klankleer: die kl- en fl-klank
Skrif: Kopieer die sin.
Skryf sinne in jou klaswerkboek.
Sigwoorde

**64 Die koerant** 128
Gesels oor nuus wat jy in jou koerant sou kan skryf.
Skryf jou eie koerantberig.
Teken 'n prent wat by die nuus pas.




# 1 Terug skool toe






Ons lees

Dit is lekker om terug te wees by die skool!
Die vakansie was baie lank.
Hallo, Jan.
Hallo, Sarel.
Hallo, Jabu.
Hallo, Anita.
Wat het julle die vakansie gedoen?



Jan: Ek het by my ouma gekuier.



Sarel: Dit was lekker by die see.

Datum: ____________



Anita

Ons het by die huis gebly.




Ben



Jabu

Ek was ook by die huis.
Ek het vir Jan, Sarel en Ben, die hond, gemis.



**Ons skryf**

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Die kinders is terug by die skool. | |
| Jabu was die vakansie by die see. | |
| Anita het by die huis gebly. | |



**Werk met woorde**

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| man | wat | mat | dan |
| kat | das | las | lat |
| vas | kar | pan | rak |



**Sigwoorde**

was
na
daar
moet



**Ons skryf**

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die a-rymwoorde.

A A a a

# 2 Terug by die skool

**Ons doen** Teken 'n prent om te wys wat jy die vakansie gedoen het.

**Ons skryf** Kies een van die woorde om die sinne te voltooi.

| | |
|---|---|
| kar | Ek is baie lief vir my ________________. |
| les | Ek ry skool toe met die ______________. |
| kat | Juffrou help my met my _____________. |
| is | Ons _____________ terug by die skool. |

Datum:



**Ons skryf**

Skryf drie sinne oor wat jy gedurende die skoolvakansie gedoen het.
Gebruik van hierdie woorde om jou te help.

see | huis | alleen | vakansie | gegaan | gebly



**Vir die pret**

Jy is nou terug by die skool. Voltooi die dae van die week. Teken 'n prentjie van wat jy elke dag gaan doen.
Vertel vir jou maatjie.

Maandag gaan ek ...

Sondag gaan ek ...

| | | |
|---|---|---|
| | | Maandag |
| Dinsdag | ______________ | ______________ |
| Vrydag | ______________ | Sondag |

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 3 Skooldrag





**Ons lees** Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n e-klank in blou.



Ons dra almal skooldrag.
Pas jou skooldrag jou?



Sarel

My skooldrag is te klein.
Ek moet my ouer broer se skooldrag dra.



Bettie

Ek het nuwe skooldrag. Dit is te groot.
My ma sê my skooldrag moet pas
totdat ek in graad 5 is.

Datum:



Anita

My skooldrag is ook te klein.



Jabu

Ek het nog nie skooldrag nie.
My pa sê hy sal aan die einde van die maand vir my skooldrag koop.



**Ons skryf**

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Anita se skooldrag is te klein. | |
| Jabu het nuwe skooldrag. | |
| Sarel sal nuwe skooldrag kry wanneer sy pa betaal word. | |



**Werk met woorde**

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| pen | ses | pet | wet |
| wen | met | lem | ken |
| les | mes | vet | net |



**Sigwoorde**

sal
oor
by
jy




**Ons skryf**

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die e-rymwoorde.

B B b b

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 4 My skooldrag



**Ons doen** Teken 'n prentjie van jouself met jou skooldrag aan.



**Ons skryf** Voltooi hierdie kaart en teken 'n prentjie van jouself.



My naam is ______________________________.

Ek is in graad ___________________________.

Ek is __________ jaar oud.

My skool se naam is ______________________.


Datum:



Ons skryf

Skryf drie sinne oor jou skooldrag.
Gebruik van hierdie woorde om jou te help.

das · baadjie · skoene · hemp · broek · trui · romp · kouse




Vir die pret

Skryf die klere se name en verbind dit met die prente.







| |
|---|
| das |
| |
| |
| |
| |







ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# 5 'n Nuwe seun in die skool





Ons lees



Karel

My naam is Karel. Ek is 'n nuwe seun in die skool. Ek voel alleen, want ek ken nog nie die ander kinders nie.

Ek wens ek het iemand gehad om mee te speel.



Ben



Anita

Anita en Ben sien Karel staan alleen. Hulle gaan na Karel toe.

Hallo Karel, wil jy saam met ons speel?

Datum:



Anita

“Jy kan met ons speel,” sê Anita.

Karel is bly hy kan nou saam met Anita en Ben speel.



Karel



Ons skryf


Lees elke sin.
Maak ’n regmerkie ✓ as jy saamstem, en ’n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Karel is ’n nuwe seun in die skool. | |
| Anita en Ben het met Karel gaan praat. | |
| Karel is nou gelukkig. | |



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.



| | | | |
|---|---|---|---|
| pit | sin | vin | dit |
| wit | rit | vis | lip |
| wil | gil | dis | hik |

**Sigwoorde**

uit
so
tot




Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf ’n sin in jou klaswerkboek en gebruik die i-rymwoorde.

C C c c

# 6 Welkom by ons skool



## Ons doen




Doen 'n rolspel in julle groepe oor hoe om 'n nuwe seun of dogter in julle klas welkom te laat voel.




## Ons praat

Vra vyf maats watter boek hulle graag sou lees, en kleur een van die kolle langs die boek in.














Van watter boek het jou maats die meeste gehou?

Van watter boek het jou maats die minste gehou?



## Ons skryf

Skryf twee sinne oor 'n keer toe jy alleen gevoel het.
Gebruik van hierdie woorde om jou te help.

alleen | hartseer | baklei | niemand | geken | maats


Datum:




Ons skryf

Vul hierdie woorde in die korrekte raampies in, onder die woorde waarmee hulle rym.


mat gat mis vet sus bot rus sis rot met




Vir die pret

Help die nuwe seun om by die skool uit te kom.
Vertel vir jou maat van die plekke wat hy sien.




ONDERWYSER: Handtekening Datum

# 7 Skoolsport



Ons lees  Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n o-klank in rooi.



Anita

Ek hou daarvan om netbal te speel.



Karel

Ek hou daarvan om sokker te speel.



Bettie

Ek hou daarvan om te swaai en in die boomhuis te speel. Ek pas op dat ek nie val nie.



Jabu

Ek hou daarvan om resies te hardloop. Ek hou ook daarvan om oor die dwarslat te spring.

Datum:



Ek hou van verspring.

Jan

Hanna



Hanna wil graag speel, maar sy kan nie loop nie. Sy speel graag met haar hond. Almal praat graag met Hanna.



Ons skryf


Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Hanna stap met die hond. | |
| Jabu hou daarvan om netbal te speel. | |
| Bettie en Anita wil graag sokker speel. | |



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf met twee van die woorde jou eie sinne in jou klaswerkboek.



| | | | |
|---|---|---|---|
| bos | rol | pop | rot |
| vol | som | gom | hond |
| kom | pos | los | non |

**Sigwoorde**

jou
mense
gaan
wees



Ons skryf


Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die o-rymwoorde.



D D d d

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 8 Ek hou van sport



**Ons doen** Teken 'n prentjie van die sport of speletjie wat jy graag wil speel.





**Ons skryf** Voltooi die sinne. Kies die beste woorde in die blokkies hieronder.
Onthou, ons sit 'n punt aan die einde van elke sin.

rugby netbal tennis krieket

| | |
|---|---|
| Ek hou van | |
| Ek hou nie van | nie. |
| Ek hou van | |
| Ek hou nie van | nie. |

Datum:




Skryf drie sinne oor 'n sport of speletjie waaraan jy graag deelneem.
Gebruik van hierdie woorde om jou te help.

swem | rugby | tennis | netbal | krieket | atletiek





Watter sportsoort is dit?
Trek 'n sirkel om die woord wat by die prentjie pas.





| | |
|---|---|
| A | sokker |
| B | krieket |
| C | rugby |
| D | netbal |



| | |
|---|---|
| A | swem |
| B | krieket |
| C | atletiek |
| D | netbal |



| | |
|---|---|
| A | rugby |
| B | krieket |
| C | atletiek |
| D | netbal |



| | |
|---|---|
| A | tennis |
| B | krieket |
| C | swem |
| D | atletiek |



| | |
|---|---|
| A | swem |
| B | krieket |
| C | rugby |
| D | netbal |



| | |
|---|---|
| A | tennis |
| B | rugby |
| C | netbal |
| D | swem |

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 9 Die verpleegster besoek die skool






Ons lees




Die verpleegster het vandag die skool besoek
om ons oë te toets.
Daar was 'n kaart met letters teen die muur.
Ons moes die letters op die kaart lees.

Sy het gesê my sussie
moet 'n bril dra.

Sus was nie lus om
die bril te dra nie.



Datum:



Anita

Die verpleegster het die nut van die bril aan haar verduidelik.

Sus is nou gelukkig, want haar bril laat haar beter sien.



Ons skryf

Lees die storie. Omkring dan die letter langs die korrekte antwoord.

| Die verpleegster het kom kyk na ons: | |
|---|---|
| A | hande |
| B | oë |
| C | voete |
| D | ore |

| Wie het 'n bril nodig? | |
|---|---|
| A | Mary |
| B | Jabu |
| C | Sus |
| D | Mandu |

| Wie het na ons skool toe gekom? | |
|---|---|
| A | Die dokter |
| B | Die brandweerman |
| C | Die verpleegster |
| D | Die ambulansbestuurder |

| Wat sou 'n goeie naam vir die storie wees? | |
|---|---|
| A | Mandu kry 'n bril |
| B | Die dokter kom na ons skool toe |
| C | Ons oë word getoets |
| D | Hoe goed kan jy hoor? |

Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf met twee van die woorde jou eie sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bus | put | mus | nut |
| dun | rus | kus | sug |
| hut | lus | sus | dut |

**Sigwoorde**

dag
dak
bed
doen

Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die u-rymwoorde.

E E e e

# 10 Die verpleegster sê ...

Ons doen

Kyk na die prente en vertel jou maat wat die verpleegster sê jy moet doen.



Borsel tande.



Was hande.



Eet vrugte en groente.



Gaan slaap vroeg.

Ons skryf

Skryf drie sinne oor wat die verpleegster sê jy moet doen.

| |
|---|
| Ek moet |
| Ek moet |
| Ek moet |

Datum:



Ons skryf

Voltooi hierdie sinne.

dun | lus | rus | rug | hut

| | |
|---|---|
| Ek | op my bed. |
| Die boek is nie dik nie, hy is | |
| Ben val op sy | |
| Sus bly in 'n | |
| Ek het | vir roomys. |



Vir die pret

Verbind elke woord met die regte prentjie.

| |
|---|
| bus |
| rug |
| bul |
| mus |












ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 11 Ons eet by die skool



**Ons lees** Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n y-klank in pers.



Anita

Die kinders is baie gelukkig. Hulle kry kos by die skool. Die kos maak hulle harte bly en hulle mae vol.

My mamma kook vir ons gesonde kos.
Dit neem baie tyd in beslag.

Ben, my hond, wil ook kos hê. Ben swaai sy stert van blydskap as ek sy kos vir hom gee.





Datum:




Ek hou daarvan om wortels te eet.
Danie, my boetie, hou van rys en vleis.

Hou jy van groente?






## Ons skryf

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Die kinders hou nie van die skool se kos nie. | |
| Danie hou van rys en vleis. | |
| Ben blaf as hy sy kos kry. | |



## Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf met twee van die woorde jou eie sinne in jou klaswerkboek.



| | | | |
|---|---|---|---|
| wys | rys | byt | hy |
| lyk | lyn | jy | by |
| pyl | kyk | lyf | my |

**Sigwoorde**

net
een
al
hom



## Ons skryf


Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die y-rymwoorde.

F F f f

ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# Die voedsel wat ons eet





Ons doen Teken 'n prentjie van iets wat jy kan:

| ruik | proe | voel |
| --- | --- | --- |
| | | |

| sien | hoor |
| --- | --- |
| | |



Ons skryf Kies die regte woord vir elke kosprentjie hieronder.

brood kaas vleis eiers melk vis appels boontjies koek pap




kaas ______ ______ ______ ______

______ ______ ______ ______ ______

Datum:



**Ons skryf**

Skryf die sin oor en vul die hoofletters en leestekens in. Onthou om hoofletters aan die begin van sinne en vir name te gebruik.

? . ! ,

| |
|---|
| saans skyn die maan |
| Saans skyn die maan. |
| hou jy van skyfies |
| |
| mamma kook vir ons rys |
| |
| kyk daar is 'n appel in die melk |
| |



**Vir die pret**


Voltooi die tabel.
Maak 'n regmerkie by die kos waarvan jy hou, en 'n kruisie by die kos waarvan jy nie hou nie.



| | kool | lekkers | skyfies | koek | spinasie |
|---|---|---|---|---|---|
| Ek hou van | | | | | |
| My maatjie hou van | | | | | |

# 13 Ons moet ons huiswerk doen







Ons lees



Ek is Jan en ek hou nie daarvan om my huiswerk te doen nie.

Ek hou daarvan om saam met my maat om die baan te hardloop. Ek speel ook graag met my haas.

My juffrou sê ons moet elke dag by die huis lees.

Datum:



Sy sê ek moet al my huiswerk doen nadat ek sokker gespeel het.

My ma kyk dat ek my huiswerk doen.

Ek lees vir haar.
Sy kyk na my skoolboeke.



Ons skryf

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Jan hou van krieket. | |
| Jan hou daarvan om sy huiswerk te doen. | |
| Sy pa kyk na sy skoolboeke. | |



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf met twee van die woorde jou eie sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| kaas | haan | kraan | taak |
| haas | gaap | aand | baan |
| maan | jaar | maat | vaak |



**Sigwoorde**

toe
dan
mens
ander




Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die aa-rymwoorde.

G G g g

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 14 Ek doen altyd my huiswerk



Ons doen



Werk in pare. Doen 'n rolspel oor Danie wat nie sy huiswerk wil doen nie. Een van julle is sy juffrou. Verduidelik aan hom waarom hy sy huiswerk moet doen.



Ons praat

Nommer hierdie prente in die korrekte volgorde. Vertel dan vir jou maat die storie. Skryf die storie dan in die korrekte volgorde.


3


2


1

1 ______________________________

2 ______________________________

3 ______________________________







1 ______________________________

2 ______________________________

3 ______________________________

Datum:







1


2

3



Ons skryf Vul hierdie woorde in die korrekte klankfamilies in.

jaar trui blaf kyk draai taak traan blaar drag tros bles wys drie byt gaap



# Toetse







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n ee-klank in pers.

Juffrou gee elke week vir ons spelwoorde om te leer.

Op Vrydae skryf ons 'n speltoets.

Juffrou lees die woorde en ons moet dit neerskryf.



Datum:



Karel

Ek het hard geleer vir die week se speltoets. Juffrou is trots op my werk.

Sy sê die toetse help haar om te sien waar sy ons moet help.



Ons skryf

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Die klas skryf 'n toets. | |
| Karel het nie geleer nie. | |
| Die toetse help Juffrou om die kinders te help. | |



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf met twee van die woorde jou eie sinne in jou klaswerkboek.

| | | | |
|---|---|---|---|
| lees | been | deeg | fees |
| bees | veer | teen | leer |
| seep | meel | keel | week |



**Sigwoorde**

nou
nog
maak
doen



Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ee-rymwoorde.

H H h h

# 16 Belangrike datums



Ons doen

## Kalender

Kyk na die kalender en omkring die belangrike datums soos Kersfees, Jeugdag, en ander.
Vertel vir mekaar waarom hierdie datums belangrik is.



Ons skryf

Werk in groepe van vier. Juffrou voorsien 'n kalender aan elke groep.
Kyk na die kalender en kry jou verjaarsdag. Omkring die datum.
Kry vier van jou maatjies se verjaarsdae en omkring die datums.
Skryf dan hierdie datums neer.

| Naam van maat | Verjaarsdag |
|---|---|
| Bettie | 15 Augustus |
| | |
| | |
| | |
| | |



Ons skryf

Skryf jou verjaarsdagdatum neer.

Dag

Maand

Datum: ____________

# Verjaarsdagkalender



# 17 Verskillende gesinne



Ons lees



Anita is deel van 'n klein gesin. Hulle woon gelukkig in 'n huisie.

Jabu bly saam met sy ouma en drie ander kinders. Hulle is 'n groot familie en is baie lief vir mekaar. Ouma koop baie brood en kook baie kos op die stoof vir al die kinders.

Party kinders het nie ouers nie en woon by voogde.


Datum: ____________



Ben

Ben woon saam met ons.
Hy is my troeteldier.

Ander mense het katte of visse of selfs skape as troeteldiere.



Ons skryf


Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Anita is deel van 'n groot gesin. | |
| Jabu is deel van 'n groot familie. | |
| Ben is 'n kat. | |



Werk met woorde


Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.



| | | | |
|---|---|---|---|
| toon | loop | boot | roos |
| hoof | koop | woon | brood |
| boom | kook | groot | stoof |

**Sigwoorde**

wil
kom
meer
baie




Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die oo-rymwoorde.

I I i i

ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# 18 My gesin




**Ons doen** Teken 'n prentjie van jou gesin.




**Ons skryf** Skryf hierdie woorde in die korrekte klankfamilies in.

hoof lees was woon rit veer das wit



Datum:



Ons skryf

Skryf twee sinne oor jou gesin.
Gebruik van hierdie woorde om jou te help.

jonk

oud


liefde

gesin

boetie

baba

sussie



Vir die pret

Kyk na die geskenke. Besluit vir wie jy wat sal gee in jou gesin.
Sê vir jou maat hoekom jy die geskenk vir die persoon sal gee.
Merk die blokkie wanneer jy besluit het vir wie jy daardie geskenk sal gee.



Sê: Ek sal die sjokolade vir my pa gee, want hy is lief vir soetgoed.













# Ek gaan na 'n troue toe







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n uu-klank in oranje.




Oom Simon is Saterdag met tannie Dora getroud. Die troue is in die skuur op die plaas gehou. Ons buurman het die troumotor bestuur.

Die bruid het mooi gelyk in haar duur trourok. Die gaste het vrolik om die vuur gesing en gedans.

Die nuus van oom Simon se heerlike troue het vinnig versprei.

Datum:



Bettie was baie laf by die troue. Sy het agter Ben aangehardloop en haar arm seergemaak.

Haar ma moes haar kliniek toe neem, sodat die dokter haar arm kon behandel.




**Ons skryf**


Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Bettie het haar arm seergemaak. | |
| Oom Simon het getrou. | |
| Bettie is kliniek toe. | |

**Werk met woorde**

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| vuur | duur | skuur | stuur |
| muur | suur | huur | gluur |
| nuut | nuus | buurman | bestuur |



**Sigwoorde**

waar
lewe
laat
hoe

**Ons skryf**

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die uu-rymwoorde.

J J j j

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 20 Pret by die troue

## Ons doen



Doen 'n rolspel van wat met Bettie gebeur het by die troue.
Gebruik die volgende karakters:


- Bettie
- Ben
- Mamma
- Dokter
- Verpleegster

## Ons skryf

Kyk na die prente. Nommer die prente van 1 tot 4 in die korrekte volgorde.
Vertel vir jou maat wat by die troue met Bettie gebeur het.









Datum:



## Ons skryf

Skryf 'n sin oor elke prent.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

hardloop · geval · dokter · boomstomp · verband · troue · kliniek · hond



## Vir die pret

Omkring die woord wat die beste by elke prent pas.

| | | | |
|---|---|---|---|
| **A** treurig | **A** hartseer | **A** oud | **A** reën |
| **B** bly | **B** kwaad | **B** jonk | **B** sonskyn |
| **C** kwaad | **C** opgewonde | **C** lank | **C** koud |

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 21 My goeie maat











Ons lees



Almal het 'n goeie maat nodig.

Het jy 'n maat?
Wie is jou maat?

Pam en Nomsa ry saam fiets.
Hulle hou ook daarvan om saam te gaan fliek.


Datum:



Pam en Nomsa het 'n goeie maat.
Haar naam is Bettie.
Bettie se ma is baie siek.

Elke dag maak Bettie die huis skoon.
Sy kyk ook na haar bababoetie.

Pam en Nomsa is lief vir Bettie en help haar graag.



**Ons skryf**


Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Pam, Nomsa en Bettie is goeie maats. | |
| Bettie se ma is baie siek. | |
| Pam en Nomsa hou nie daarvan om Bettie te help nie. | |



**Werk met woorde**


Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| kies | siek | tier | fiets | lief |
| wieg | sien | dier | mier | piets |
| nies | wiel | fliek | drie | grafiek |

**Sigwoorde**

nuwe
haar
hier
julle



**Ons skryf**

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ie-rymwoorde.

K K k k

ONDERWYSER: Handtekening ____ Datum ____

# My maats

**Ons doen** Doen 'n rolspel in jou groep oor 'n maatjie wat jou hulp nodig het.



Sê wat haar/sy probleem is, en hoe jy jou maat kan help.

**Ons skryf** Wat kan jy doen om by die huis en die skool te help?



**1** Hoe ek by die skool kan help

**2** Hoe ek tuis kan help



## Help


**3** Hoe ek my maats kan help

**4** Die mense wat my help

Datum:

## Vir die pret

Hardloop na Bongi se huis toe. Wie gaan eerste by Bongi se huis wees? Skiet 'n muntstuk op. As jy die kop kry, beweeg jy twee blokke vorentoe. As jy die munt kry, kan jy net een blok vorentoe beweeg.
Die een wat eerste by Bongi se huis kom, is die wenner.
Lees elke woord terwyl jy spring. Indien jy 'n woord nie kan lees nie, moet jy een blok terugskuif.



# Ons gee om vir ons troeteldiere







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n oe-klank in blou.



Ben, die hond, is 'n lawwe troeteldier.
Hy hou van soet koek.

Ben hou daarvan om die boer se kat te jaag. Die kat moet net koes om te kan wegkom. Gister moes hy in die boom klim, sodat Ben hom nie kon bykom nie. Die kat was te bang om af te klim.

Datum:



Ek het 'n leer by die boer gaan haal om die kat uit die boom te kry.
Anita het my gehelp.

Nadat ons die kat kos gegee het, het sy gaan slaap.

**Ons skryf**

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Die kat het die hond gejaag. | |
| Die kat het in die boom geklim. | |
| Anita het die kat uit die boom gehaal. | |

**Werk met woorde**

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| hoed | boer | koek | moet |
| hoes | koel | doek | voet |
| boek | soet | hoeveel | koeldrank |

**Sigwoorde**


die
dis
eie
geen

**Ons skryf**

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die oe-rymwoorde.


L L l l

# 24 Om ander te help



**Ons doen** Teken 'n prent van 'n dier wat jy dink 'n goeie troeteldier sal wees. Skryf drie sinne oor waarom jy van hierdie dier hou.





**Ons skryf** Vul die korrekte voornaamwoorde in.

Hy | Sy | Hulle | Ons





Hy het per bus huis toe gegaan.



__________ het van die skool af huis toe gestap.



__________ het nat gereën.



__________ het geblaf.




__________ is beste maats.




__________ wag vir die bus.


Datum:




Vul die letters wat ontbreek in en voltooi die woorde.
Gebruik een van hierdie klanke:

uu | oo | ie | aa | oe

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |
| v___ ___r | b___ ___k | k___ ___s | f___ ___ts | r___ ___s |




Verbind die prentjies met die woorde om te wys wat jy in die oggend (pers), in die middag (geel) en in die aand (blou) doen.






| |
|---|
| oggend |
| middag |
| aand |






# 25 Ons hou ons huis skoon







Ons lees

Klap die woorde wat onderstreep is in lettergrepe en sê hoeveel lettergrepe daar in elke woord is.



Jonk en oud moet help om die huis skoon te maak.

Rob vee die houtvloer skoon, ma was en pa stof af.
Sussie skil die groente.
Baba help nie, sy is stout.

Datum:



Sodra ons huis mooi skoon is, sit ons almal en gesels.

Ek hou daarvan om 'n boek te lees vir ontspanning.

Ons skryf

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Pappa was die skottelgoed. | |
| Mamma vee die vloere. | |
| Ek lees 'n boek vir ontspanning. | |

Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| oud | sout | kous | sous |
| koud | mou | fout | vou |
| hout | boud | goud | bou |



**Sigwoorde**

groot
teen
onder
woord


Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ou-rymwoorde.




M M m m

# 26 By die huis




**Ons doen** Teken wat jy by die huis moet doen, al hou jy nie daarvan nie.





**Ons skryf** Maak 'n lys van die werkies waarvan jy nie hou nie.
Onthou om kommas te gebruik!

Datum:




## Ons skryf

Vul die klanke in sodat die woorde by die prente pas.

| u | aa | e | oe |
|---|---|---|---|

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| d___ ___k | bl___ ___r | sw___m | r___s |



## Vir die pret

Teken 'n prent van wat jy in die oggend, middag en aand doen.



**Oggend**



**Middag**



**Aand**

# 27 Ons oefen



Ons lees



My juffrou sê ons moet 'n gebalanseerde leefstyl handhaaf. Oefening maak ons spiere sterk en hou ons gesond.

Huiswerk maak ons brein fiks en slim.
Dit is ongesond om heeldag in die huis voor die televisie te sit.
Kinders moet buite speel!

Hulle moet aan verskillende sportsoorte soos sokker, rugby en netbal deelneem.
Aan watter sportsoort neem jy deel?


Datum:

Op Maandae en Donderdae speel Petra netbal.

Sy kan die bal baie ver en hard gooi.

Eendag het die bal baie ver getrek en 'n ruit gebreek.





Ons skryf

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| Oefening is ongesond vir 'n mens. | |
| Dit is goed vir kinders om heeldag televisie te kyk. | |
| Petra het die ruit gebreek. | |



Werk met woorde


Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| huis | tuin | uil | uit |
| huil | duik | ruit | kombuis |
| muis | vuis | suiker | luister |



**Sigwoorde**

net
want
tyd
weer



Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ui-rymwoorde.

N N n n

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 28 Oefening en sport

Ons doen

Van watter sport hou jy?
Vertel jou maat waarom jy van die sport hou.



Ons skryf Voltooi die volgende sinne.

hou van | hou nie van





Ek ______________________________ sokker.

Ek ______________________________ netbal.

Ek ______________________________ swem nie.



Ons skryf Skryf die dae van die week in die regte volgorde neer. Begin met Sondag.
Teken 'n prent van wat jy op 'n Maandag doen.

| | | |
|---|---|---|
| Sondag | | |
| Dinsdag | | |
| Maandag | | |
| Donderdag | | |
| Woensdag | | |
| Vrydag | | |
| Saterdag | | |

Datum:

## Vir die pret

Kyk na die prent.
Vertel jou maat watter goed naby is en watter ver is.




## Ons skryf

Skryf drie sinne oor die prent.

# Ons eet gesond







Ons lees

Klap die woorde wat onderstreep is in lettergrepe en sê hoeveel lettergrepe daar in elke woord is. Lees dan die storie van Rob se groentetuin.




Ons kweek groente in ons tuin. Ek werk versigtig in die groentetuin, sodat ek nie die tamaties kneus nie.
Ek hou van die reuk van nat grond.

Eendag het 'n bok deur die hek gebeur tot binne-in die groentetuin.


As ek neute eet, jeuk my neus.
My boetie neul as hy sy groente moet eet.

Mamma sê: "Dit help nie om te neul nie! Groente maak 'n seun sterk en gesond."

Datum:

Mamma maak seker ons eet elke dag proteïene, graan, groente en vrugte.

So word ons seuns manne.



Ons skryf — Beantwoord die vrae in volsinne.

Wat laat Rob se neus jeuk?

Waarom werk Rob versigtig in die groentetuin?

Noem drie voedselsoorte wat jy daagliks moet eet om 'n gebalanseerde dieet te volg.

Werk met woorde — Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| neus | seun | kneus | reuk |
| deur | reun | neul | geur |
| neut | beur | geut | breuk |

**Sigwoorde**

sou
hulle
voor
alle

Ons skryf — Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die eu-rymwoorde.

O O o o

ONDERWYSER: Handtekening ________ Datum ________

# 30 Voedsel


## Ons doen

Rolspeel die volgende saam met 'n maat. 'n Bok eet die groente in julle groentetuin. Jy probeer die bok vang maar hy hardloop weg.

## Ons lees

Kyk na die prente en nommer hulle in die korrekte volgorde.








## Ons skryf

Skryf 'n sin oor elke prent.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

bok | geëet | groente | gejaag | hek

Datum: ______________



Vir die pret

Kyk na die kleure.
Vertel jou maat watter kleure 'n mens kry wanneer jy hierdie kleure meng.



# Die meng van kleure



Die primêre kleure is:

rooi    geel    blou

Sê nou:

As ek rooi en geel meng, kry ek ______________.



rooi + geel = oranje

blou + geel = groen

rooi + blou = pers

ONDERWYSER: Handtekening ______________ Datum ______________

# Ons help mekaar







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n ei-klank in groen.
Klap die woorde wat onderstreep is in lettergrepe en sê hoeveel lettergrepe daar in elke woord is.



My ouma is baie oud.
Al is ek klein, help ek haar om te loop.

Sy gebruik 'n kierie en loop baie stadig.


Sy hou daarvan om met die trein te reis.

Sy help ons baba om vleis en eiers te eet. Ouma brei ook vir ons mooi truie.

Datum:



Dit is lekker om deel van 'n gesin te wees wat mekaar help.



Ons skryf

Lees elke sin.
Maak 'n regmerkie ✓ as jy saamstem, en 'n kruisie ✗ as jy nie saamstem nie.

| | |
|---|---|
| My ouma is nog jonk. | |
| Sy hou daarvan om met die trein te reis. | |
| Ouma help my om my vleis en rys te eet. | |



Werk met woorde


Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.



| | | | |
|---|---|---|---|
| eier | seil | vleis | trein |
| keil | lei | brei | eiland |
| wei | reis | veilig | klein |

**Sigwoorde**

volgens
plek
self
dinge



Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ei-rymwoorde.

★ ★ ★

P P p p

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 32 Help ander mense

**Ons doen**

Voer 'n dialoog op saam met 'n maat. Waarom moet ons mekaar help?

**Ons skryf**

Vind uit wie van watter kleure hou.
Vra vyf kinders in jou klas wat hulle gunstelingkleur is.

| Naam | Gunstelingkleur |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

**Ons skryf**

Skryf hierdie sinne in die verlede tyd oor. Begin elkeen met Gister.

Ek help tuis.

Gister ______________________________.

Daan en Jan spring van die bus af.


Gister het hulle ______________________________.

Gister het ons ______________________________.

Datum:

**Vir die pret** Skryf hierdie woorde in die korrekte klankfamilies in.

duur, hoed, vuur, roos, reus, voet, neus, lief, soen, koud, vleis, mier, trein, huis, muur, eier, soos, geur, wiel, room, ruit, goud, tuin, stout



# 33 Ons kry goeie nuus





Ons lees



Bettie



Sarel

Juffrou: Goeiemôre, klas.

Klas: Goeiemôre, Juffrou.

Juffrou: Ek het 'n verrassing vir julle. Kyk na die prente op die bord en raai wat die verrassing is.


Bettie: Ons gaan swem in die baai

Jabu: Nee! Ek is bang vir haaie.

Sarel: Ek raai ons gaan wildtuin toe. Dan kan ons wors braai.

Juffrou: Bettie, jy en Sarel is albei reg. Ons gaan vir 10 dae met 'n bus wildtuin en see toe toer.


Datum:


Jabu

Die kinders draai na mekaar en swaai hulle arms van opgewondenheid.

Hulle kan nie wag dat hulle ouers moet raai waarheen hulle gaan nie.


Anita


Ons skryf

Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Wat het Bettie geraai?

Wie is bang vir haaie?

Hoe lank gaan die bustoer duur?


Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| haai | raai | laai | taai |
| maai | baai | swaai | draai |
| waai | saai | kraai | braai |



**Sigwoorde**
bus
toer
week
weg


Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die aai-rymwoorde.

Q Q q q

ONDERWYSER: Handtekening Datum

# 34 Ons beplan ons reis

## Ons doen

Vertel jou maat waarheen jy graag wil gaan, en wat jy graag wil sien.
Teken dan 'n prent op die T-hemp om te wys wat jy graag wil sien.





## Ons skryf

Skryf jou naam.

Skryf hierdie name oor en gebruik hoofletters op die regte plekke.

| bettie | sarel | jabu | pam | anita |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

Skryf vier van jou maats se name in die blokke.

| | |
|---|---|
| | |
| | |

Datum:




**Ons skryf** Skryf vyf sinne oor plekke wat jy graag sou wil besoek.



**Vir die pret** Gee 'n geskenk. Maak jou oë toe en druk jou vinger op een van hierdie geskenke. Sê dan vir wie jy hierdie geskenk gaan gee, en waarom jy dink dit 'n goeie geskenk vir daardie persoon is. Onthou om 'n geskenk vir jouself, jou maats en jou juffrou te kies. Merk die geskenk af wanneer jy dit aan 'n persoon gegee het.



Sê: Ek sal die sambreel vir my juffrou gee, **want** sy staan elke dag in die son.




# 35 Waarheen gaan ons?





Ons lees



Waarheen gaan ons en wat gaan ons doen?

Ons gaan eerste wildtuin toe. Daar gaan ons na die wilde diere kyk.

Daarna gaan ons see toe. Ons gaan in die groot blou see swem en draai-roomys eet.

Ons gaan in 'n groot skoolbus ry.

Juffrou wys vir ons die plekke wat ons gaan besoek op die kaart.

Datum:


Jabu

Ek wil 'n diep gat op die strand grawe.

Ek wil 'n haai met groot, skerp tande sien.


Anita

Ek wil 'n groot leeu sien, want hy is die koning van die oerwoud.


Bettie


**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

| |
|---|
| Wat wou Anita sien? |
| Anita |
| Wat wou Bongi sien? |
| Bongi |
| Wat wou Jabu doen? |
| Jabu |


**Werk met woorde** Skommel die klanke om aai-woorde te bou.

| araib | wiaas | kaiar | raadi | amia |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**Sigwoorde**

sien
sê
saai
som


**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die aai-rymwoorde.

R R r r

ONDERWYSER: Handtekening Datum

# Ek wil sien





## Ons doen




Vertel vir 'n maat van die plekke wat jy graag wil besoek.
Wat wil jy daar sien?



## Ons skryf

Trek die lyne na om uit te vind wat die kinders graag wil sien.



Datum:



Ons skryf

Skryf sinne oor die prente op die vorige bladsy.
Jy kan hierdie woorde gebruik om jou te help.


wilde diere | kinders | slaap | tasse | wildtuin



Ons skryf

Nommer hierdie prente in die regte volgorde van 1 tot 3.
Vertel dan vir jou maat die storie.







# Die bustoer








Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n ooi-klank in pers.

Uiteindelik het die bustoer begin!
Juffrou verduidelik die busreëls:

1) Kinders mag nooit staan terwyl die bus ry nie.
2) Geen rommel mag by die bus se vensters uitgegooi word nie.



Die bus ry by rooi aalwyne verby. Ons sien ook mooi ronde hutte met strooidakke.

Ben is ook in die bus.
Sy rug jeuk, want hy het 'n vlooi op sy rug.

Datum:



Ben blaf vir die koeie op die plaas. Bongi hou vir Ben vas. Hy wil van die bus afspring.



Kyk die mooi hasies en eekhorings in die woud.

**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

| Noem twee busreëls. |
| --- |
| |
| |
| |

| Wat het die kinders langs die pad gesien? |
| --- |
| |

| Hoekom wil Ben van die bus afspring? |
| --- |
| |

**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | |
| --- | --- | --- |
| nooi | hooi | rooi |
| vlooi | ooi | mooi |

**Sigwoorde**

op
na
af
bo

**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ooi-rymwoorde.


S S s s

ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# 38 Plase en woude

## Vir die pret

Teken die kinders se gesigte in die vensters van die bus.
Kleur die bus in.



## Ons skryf

Skryf sinne oor die prent.

## Ons skryf

Omkring die korrekte woord in elke sin.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ons | het | was | laat vir skool. |
| Hy | was | het | die beste gespeel. |
| Sy | het | was | goed gevaar in die toets. |
| Jy | was | het | mooi gelyk. |
| Hulle | het | was | heerlik gelag. |
| Ek | het | was | skoon benoud. |

Ons gebruik **was** of **het** in die verlede tyd.



Datum:

Ons skryf

Vul die korrekte woord in.

| af | in | op | onder |
| --- | --- | --- | --- |

Die hond wil van die bus__________spring.

Hulle ry _________ 'n bus.

Die bus ry teen die bult____________.

Die bus ry __________ die brug deur.

Vir die pret


Wys vir die busbestuurder hoe om deur die plaas te ry.



ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# Die stad








Ons lees

Die bus ry Johannesburg binne.

Ons sien rooi, wit en groen motors. Daar is baie rook in die lug. Die strate wemel van voetgangers.



Ons ry by 'n park met hondjies verby.
Ben spring van die bus af.
Hy wil met die klein hondjies speel.

Jabu skreeu: "Ben, kom hier!"

Ben hou aan met hardloop.
Hoe gaan ons vir Ben terugkry?

Datum:



"Kom hier, Ben!" roep Bongi.

Die bus stop.

Die kinders spring af en hardloop agter Ben aan.



**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

| Wat het hulle in die stad gesien? |
| --- |
| |
| Waarom het Ben van die bus afgespring? |
| |
| Wie het ook vir Ben geroep om terug te kom? |
| |



**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | |
| --- | --- | --- |
| nooit | strooi | voltooi |
| looi | gooi | ooit |

**Sigwoorde**

op
na
af
is



**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die ooi-rymwoorde.

T T t t

# Ben hardloop weg



## Ons doen


Doen 'n rolspel oor Ben wat van die bus afspring en weghardloop.
Wys hoe Bongi hom roep om terug te kom.




## Ons skryf

Nommer die prente in die regte volgorde van 1 tot 4.










## Ons skryf

Skryf 'n sin oor elke prent.

Datum:

Vir die pret

**'n Resies na die bus toe.** Kom ons kyk wie kan eerste op die bus wees. Skiet 'n muntstuk op. As jy die kop kry, kan jy 2 blokke vorentoe beweeg. As jy munt kry, kan jy net 1 blok nader aan die bus beweeg. Die een wat eerste op die bus is, is die wenner. Wanneer jy op 'n blok beland, moet jy die woord lees. Indien jy dit nie kan lees nie, moet jy een blok terugskuif.



# Die wildtuin







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde met 'n oei-klank in blou.

Die kinders is nou in die Krugerwildtuin.

Die gras groei ruig en die riviere vloei sterk.

Daar is baie bokke en 'n olifantkoei.

Die leeuwyfie bekruip 'n sebra en vang hom.



Datum:






Foeitog, kyk die baba-apies.

Die kameelperd met sy lang nek boei die kinders. Die kinders sien hoe twee buffels met mekaar stoei.
Die kinders geniet die dag baie.

**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Watter diere het die kinders in die Krugerwildtuin gesien?

Watter diere het gestoei?

Hoekom dink jy het die kameelperd die kinders se aandag geboei?

**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | |
|---|---|---|
| koei | boei | groei |
| roei | bloei | stoei |



**Sigwoorde**

wie
wat
watter
waar

**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die oei-rymwoorde.

U U u u

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 42 Nog diere

**Ons doen** Teken 'n prent van 'n dier wat jy graag wil sien.



**Ons skryf** Skryf vyf sinne oor jou prent.

**Ons skryf** Lees die woorde in elke blok. Besluit watter woorde in die pienk blok die beste by die woorde in die groen blok pas. Gebruik jou liniaal en verbind die twee blokke se woorde om sinne te vorm. Skryf die sinne in jou klaswerkboek oor.

| | |
|---|---|
| Die kinders wou nie | 'n leeu gesien. |
| Jabu het | op die bus. |
| Die kinders was | huis toe gaan nie. |

Datum:



Ons skryf

Vul die klanke in sodat die woorde by die prente pas.


oo uu eu ou

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| hoenderb__ __d | sk__ __l | s__ __n | best__ __rder |



Vir die pret

Watter soort dier is dit?
Verbind die kolletjies en kleur die prent dan in.




ONDERWYSER: Handtekening ________ Datum ________

# By die see







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die woorde wat die volgende vokaalkombinasies bevat: oe, ei, ou, ui, eu, ie. Maak elke klank sy eie kleur.

Die kinders klim opgewonde by die bus uit. Die sand is baie warm en brand hulle voete. Die branders rol uit die diep blou see uit en trek dan weer terug. Hulle sien skepe op die see.
Die walvis blaas water uit soos 'n fontein.



Sommige kinders baljaar in die water.
Seewater is baie sout.
Ander kinders speel op die strand met die sand. Hulle bou sandkastele.
Ben grawe 'n diep gat in die sand.

Datum:



Ben grawe en grawe en grawe, totdat hy amper nie kan uitkom nie.

Ben is 'n lawwe hond!



Ons skryf

Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

| |
|---|
| Hoekom is die kinders opgewonde? |
| |
| Wat het Ben gedoen? |
| |
| Noem twee goed wat die kinders by die see gesien het. |
| |



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | |
|---|---|---|
| broei | goeie | foeitog |
| loei | vloei | sproei |



**Sigwoorde**

hier
daar
maar
dier



Ons skryf

Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die oei-rymwoorde.


V V v v

# 44 Nog by die see






Ons doen Maak 'n lys van alles wat die kinders by die see gesien het.




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |
| | | | | |



Ons skryf Skryf 'n poskaart aan jou maat en vertel wat jy by die see gedoen het. Onthou om jou poskaart te adresseer en 'n seël daarop te plak.



Datum:



Ons skryf

Skryf die dae van die week neer in die regte volgorde. Begin met Sondag. Skryf wat jy elke dag graag doen.

Maandag

Donderdag Sondag Vrydag Dinsdag Saterdag Woensdag

| Dag | Wat ek graag doen |
|---|---|
| Sondag | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |



Ons skryf


Doen hierdie woordbou en vul die korrekte woorde dan in. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

| | | |
|---|---|---|
| str | aat | **straat** |
| | af | |
| | and | |

| | | |
|---|---|---|
| gr | aad | **graad** |
| | ot | |
| | uis | |



| | | |
|---|---|---|
| str | ook | |
| | ik | |
| | eek | |



| | | |
|---|---|---|
| gr | awe | |
| | oot | |
| | yp | |

ONDERWYSER: Handtekening ________ Datum ________

# 45 Terug huis toe

Ons lees



Vandag is die kinders op pad terug huis toe. Hulle het die toer baie geniet.

In die bus gesels hulle oor die rooi aalwyne en die hutte met hulle strooidakke.



Hulle onthou die lawaai van die voetgangers in die stad.

Hulle praat oor die leeu wat die sebra gevang het, en die spreeu en meeu wat oor die see gevlieg het.



Die kinders is hartseer omdat die toer verby is.

Ben sien weer die koeie op die plaas.

Datum:



Ben blaf en probeer om by die venster uit te spring.
Bongi moet vir die vale keer dat Ben nie uit haar hande spring nie.

**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Wat onthou die kinders van die stad?

Wie het die sebra gevang?

Waarom was die kinders hartseer?

**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die rymwoorde in jou klaswerkboek oor.

| | | |
|---|---|---|
| leeu | sneeu | spreeu |
| seemeeu | eeu | skreeu |



**Sigwoorde**

een
twee
drie
vier

**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die eeu-rymwoorde.

W W w w

ONDERWYSER: Handtekening Datum

# Die terugreis



Ons doen

Teken 'n prent wat wys hoe die kinders gevoel het omdat die toer verby was.



Ons skryf

Lees die woorde in elke blok. Besluit watter woorde in die pienk blok die beste by die woorde in die groen blok pas. Gebruik jou liniaal en verbind die twee blokke se woorde om sinne te vorm.

| | |
|---|---|
| Die kinders was | geklim. |
| Die kinders het in die bus | baie hartseer. |
| Hulle wou | by die see bly. |
| Die kinders was nie gelukkig | om huis toe te gaan nie. |

Ons skryf

Skryf nou 'n paar sinne oor 'n tyd toe jy hartseer gevoel het.

Datum:

Vir die pret

Wie is eerste by die boot?

Kom ons kyk wie eerste by die boot kan kom en dan terug by die bus. Skiet 'n muntstuk op. As jy die kop kry, kan jy 2 seesterre vorentoe skuif. As jy die munt kry, kan jy net 1 seester vorentoe skuif.

Die een wat eerste by die bus kom, is die wenner. Lees die woord as jy op 'n seester land. Indien jy dit nie kan lees nie, moet jy een seester terugskuif.



# 47 Terug in die klas



Ons lees

Die kinders is terug by die skool.



O, ek wens ek was terug by die see!

Bettie



Juffrou

"Vandag moet julle 'n storie skryf oor die toer," sê Juffrou.



Sarel

Ek gaan 'n storie skryf oor die diere wat ek op die plaas gesien het.



Jabu

Ek gaan 'n storie skryf oor die wilde diere wat ek gesien het.

Datum: ____________



Anita

Na skool gaan ek by my maats kuier en hulle van die toer vertel.

Dan gaan ek met Ben speel voordat ek gaan slaap. Ek hoop ek droom van die see.



**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Wie gaan  oor die wilde diere skryf?

Wie gaan  oor die plaasdiere skryf?

Wat gaan Anita doen voordat sy gaan slaap?

Waarom wil Anita van die see droom?



**Werk met woorde** Skommel die klanke om eeu-woorde te bou.

| leue | pruees | emue | ereksu | enseu |
| --- | --- | --- | --- | --- |
| | | | | |

**Sigwoorde**

jou
julle
jol
op




**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die eeu-rymwoorde.

X X x x

ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# 48 Terug by die huis



**Ons doen**

Gesels oor jou eie nuus.
Vertel vir jou maats hoe dit met jou gaan.

**Ons skryf** Skryf vyf sinne oor wat jy beplan om môre te doen.

**Ons skryf** Lees die woorde in elke blok. Besluit watter woorde in die pienk blok die beste by die woorde in die groen blok pas. Gebruik jou liniaal en verbind die twee blokke se woorde om sinne te vorm.

| | |
|---|---|
| Vandag wil ek | na Bongi se huis toe gegaan. |
| Gister het Anita | skool toe gaan. |
| Môre sal ek | hartseer gevoel. |
| Die kinders het | huis toe gaan. |

**Vir die pret** Teken die pad wat die bus moet ry op die volgende bladsy:

1 Begin by die skool.

2 Ry plaas toe.

3 Ry tot by die woud.


4 Ry stad toe.

5 Ry Krugerwildtuin toe.

6 Ry see toe.

7 Ry terug skool toe.

Datum:



# Die storm







Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die bl-woorde in rooi en br-woorde in blou.

Gister, toe Bongi van die skool af huis toe geloop het, het dit begin reën.
Dit het groot blou druppels gereën. Bongi se hemp en romp het sopnat geword.

Sy was bang vir die weer wat so geblits het.

Die groot reëndruppels het haar gesig getref.

Die brief wat Juffrou vir haar gegee het, het sopnat gereën.

Sy was alleen en het nie geweet wat om te doen nie. Sy het begin huil.
Sy was bang dat sy nie veilig by die huis sou kom nie.

Datum:

Ons skryf — Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

| |
|---|
| Waarheen was Bongi op pad? |
| |
| Waarom het Bongi gehuil? |
| |
| Waarvoor was Bongi bang? |
| |

Ons skryf — Gee die storie 'n ander naam.

Werk met woorde — Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.


| | | | |
|---|---|---|---|
| bloed | bloei | brood | brief |
| blaai | bly | bril | braai |
| blaar | blou | broek | bruin |



**Sigwoorde**

kon
almal
dag
Afrikaanse


Ons skryf — Voltooi hierdie woorde en verbind hulle dan met die korrekte prente.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| b r ood | ___ ___ ou | ___ ___ aar | ___ ___ uin | ___ ___ il |

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 50 Na die storm



Ons doen

Vertel jou maat wat jy dink met Bongi gebeur het.
Teken 'n goeie en 'n slegte einde vir die storie.



| Goeie einde | Slegte einde |
| --- | --- |
| | |



Ons skryf

Skryf vyf sinne oor jou goeie einde.
Gebruik van hierdie woorde om jou te help.

bly | loop | reën | bang | hond

_______________

_______________

_______________

_______________

_______________

_______________



Ons lees

Lees die einde van die storie.

Hoe het die storie geëindig?

Bongi het vir Ben sien aankom. Hy het 'n groot sambreel in sy bek gehad. Sy was baie bly om hom te sien.




Datum:




Sy was baie bly dat sy uiteindelik by die huis was.

Haar mamma het vir haar bruinbrood en warm sjokolade gegee.



Vir die pret! Kleur die prentjie in.





Ons skryf Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die woorde in die woordbank.

Y Y y y

ONDERWYSER: Handtekening Datum

# Die haelbui




Ons lees









Anita is in graad 2.

Sy vertel haar storie oor 'n haelbui.

Ek en Ben was alleen by die huis.

Ons het op ons groen grasperk gespeel. Ek het gesien die wolke begin donker word. Ewe skielik was daar 'n groot gedreun, en toe begin dit hael.

Boems, kraak, doef!

"Pasop, Ben! Ons moet padgee!" het ek geskreeu. Ons het in die huis ingehardloop en onder die bed ingekruip. Nadat dit opgehou hael het, het ons deur 'n gleuf in die gordyn geloer.

Ek kon dit glad nie glo nie.

Die haelkorrels was so groot soos gholfballe.

Ons het gesien dat die son se goue strale weer begin gloei.

Datum:

Ons skryf Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Vertel Anita ons van 'n donderstorm?

Hoe groot was die haelkorrels?

Wat het Anita en Ben gedoen toe hulle bang was?

Werk met woorde Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| glo | gleuf | graad | graan |
| glad | glas | graat | groot |
| gluur | gloei | groet | graf |

**Sigwoorde**


dag
daarom
daardie
egter

Ons skryf Oefen om hierdie woord te skryf.
Skryf dan 'n sin daarmee in jou klaswerkboek.

Haelkorrels

Ons skryf Vul gl-klanke en gr-klanke in sodat die prente by die woorde pas.







| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ___ ___as | ___ ___aaf | ___ ___aat | ___ ___y | ___ ___aan |


ONDERWYSER: Handtekening Datum


# Na die haelbui





## Ons doen

Nommer hierdie prente van 1 tot 4 om die regte volgorde te wys. Vertel dan vir jou maat die storie.











## Ons skryf

Skryf 'n sin oor elke prent.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

hael    gholfballe    bang    donker    wolke    speel

Datum:

Ons skryf

Gebruik hierdie letters om die woorde te voltooi.
Verbind dan elke woord met die regte prent.

br - bl - gl - gr -


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ___ ___y | ___ ___oet | ___ ___aai | ___ ___ief | ___ ___oeilamp |

Vir die pret

Kyk na die prent en verduidelik die waterkringloop vir jou maat.

# Water beweeg in die rondte




| | |
|---|---|
| 1 | Die son skyn op die see en riviere. |
| 2 | Die son trek die water in die lug op. |
| 3 | Die water vorm wolke. |
| 4 | Die wolke vorm reën. Die reën val in die riviere en die see. |
| Die kringloop begin weer. | |

# Dit sneeu



Ons lees

Lees die leesstuk en omkring die st-woorde in pers en die sl-woorde in oranje.





Ek het by my ouma gaan kuier. Sy woon hoog in die Drakensberg.

Dit was yskoud. My ouma het baie komberse oor my gegooi toe ek gaan slaap het.

Die volgende oggend toe ek opstaan, het ek gesien die sneeu lê spierwit. Daar was sneeu op die stoep, sneeu by die stoor, sneeu op die gras en sneeu op die takke van bome.

Ek wou in die sneeu gaan speel.

Ek moes die deur oopstoot om te kon uitgaan. Die sneeu was so koud dat dit my vingers gebrand het.

Selfs Ben kon nie op die koue sneeu loop nie. Hy het op die stoel gespring. My slim ouma het gesê ek moet sokkies oor my hande trek, omdat ek nie handskoene gehad het nie. Ek het 'n sneeuman gebou.




Datum:



Ons skryf

Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.



Waar was Bettie toe sy die sneeu gesien het?

Wat het Bettie oor haar hande getrek?


Waarom moes sy die deur oopstoot?



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| steek | staan | slak | slim |
| stoel | stoep | slaan | slaai |
| stoor | stoot | slaap | slaag |



**Sigwoorde**

vrou
deel
tien
goed



Ons skryf

Oefen om hierdie sin te skryf.
Skryf die sin in jou klaswerkboek oor.
Skryf nou jou eie sl-sin en st-sin.

Ek het by my ouma gaan kuier.

Ek

ONDERWYSER: Handtekening Datum

# 54 Sagte wit sneeu

**Ons doen** Teken 'n prent van Bettie wat in die sneeu gespeel het.

**Ons skryf** Skryf vyf sinne oor jou prent.
Gebruik hierdie woorde om jou te help.

speel | handskoene | winderig | nat | sneeu | koud


Datum:



**Ons skryf** Verbind die woorde met die regte prente.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
|  |  |  |  |  |


| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| handskoene | liefde | reënboog | gras | venster |



**Ons skryf** Vul **ie**, **a**, **e**, **o**, **y** en **oo** in om hierdie woorde te voltooi.
Gebruik die prente om jou te lei. Kies vyf woorde en skryf sinne daarmee in jou klaswerkboek.

| | |
|---|---|
| r ___ ___ m ___ s | f ___ ___ ts |
| gl ___ s | vl ___ g |
| h ___ nd | sl ___ ng |
| t ___ r | sw ___ m |
| h ___ ndskoen | r ___ ___ k |
















**Ons skryf** Oefen die letters.
Skryf 'n sin in jou klaswerkboek en gebruik die woorde in die woordbank.

Z Z z z

ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# 55 Die seisoene






Ons lees



Jabu

Ek hou van herfs, omdat die blare wat verkleur vir my mooi is. Ek hou nie daarvan om in die winter skool toe te stap nie, want dit is te koud.



Anita

Ek hou van die somer, want ek hou van swem. Ek hou ook daarvan om te swaai, en aan 'n smaaklike roomys te smul.



Sarel

Ek hou van die lente, want ek hou daarvan om te kyk hoe die paddavissies in die dam swem.

Datum:

Ons skryf — Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

| |
|---|
| Wie hou nie van die koue weer nie? |
| |
| Waarom hou Anita van die somer? |
| |
| Waarom hou Sarel van die lente? |
| |

Werk met woorde — Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| swaai | sweep | smul | smag |
| sweer | swem | smeek | smous |
| swel | sweet | smal | smaak |



**Sigwoorde**

woes
wil
mag
kan

Ons skryf — Oefen om hierdie sin te skryf. Skryf dit in jou klaswerkboek oor.

# Wat is jou gunsteling-seisoen?

Ons skryf — Voltooi hierdie woorde en verbind hulle dan met die korrekte prente.







| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ___ ___ em | ___ ___ eet | ___ ___ aai | ___ ___ aaklik | ___ ___ ous |

# 56 Die vier seisoene

## Ons doen

Kyk na die prente. Vertel vir jou maat waarvan jy in elke seisoen hou en waarvan jy nie hou nie.
Watter soort klere dra jy in elke seisoen? Sê waarom.



Lente



Somer



Herfs



Winter

## Ons skryf

Verbind die blokke met mekaar om sinne te vorm. Gebruik jou liniaal.
Skryf die sinne in jou klaswerkboek oor.

| | |
|---|---|
| Ek hou nie van die winter nie omdat | in die lente gebore. |
| Babadiere word | omdat ek kan swem. |
| Ek hou van die somer | dit te koud is. |
| In die herfs | val die blare van die bome af. |

## Ons skryf

Skryf 'n sin oor 'n seisoen waarvan jy hou en 'n seisoen waarvan jy nie hou nie, en sê waarom.

Ek hou van


Ek hou nie van


Datum:



Ons praat

Praat oor die lewensiklus van die padda.
Embrio's broei uit eiers uit. Die embrio verander in 'n paddavis.
Sy stertvin begin verdwyn en sy agterpote word sterker totdat hy 'n volwasse padda is.



Vir die pret

Kleur die prent van die padda in.



ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# Gaan dit vandag reën?





## Weersimbole



Sonnig | Gedeeltelik bewolk | Reën | Bewolk | Donderstorm | Wind




Ons lees

Vul die datums op die onderstaande kalender volgens die klaskalender in.
Lees die weerkaart en beantwoord die vrae op die volgende bladsy.

## Weerkaart Junie

| Sondag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag |
|---|---|---|---|---|---|---|



Datum:



Ons skryf

Beantwoord die vrae.


| | |
|---|---|
| Vir watter maand is die weerkaart? | |
| Hoeveel dae is daar in hierdie maand? | |
| Hoeveel sonnige dae was daar? | |
| Op hoeveel dae was dit gedeeltelik bewolk gewees? | |
| Op hoeveel dae het dit gereën? | |
| Op hoeveel dae was daar donderstorms gewees? | |
| Op hoeveel dae het die wind gewaai? | |



Werk met woorde

Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| snuif | snor | skil | skuit |
| snoet | sneeu | skool | skaak |
| snoek | snaar | skoen | skat |



**Sigwoorde**

heilige
hou
huil
kyk




Ons skryf

Oefen die woord in jou klaswerkboek.
Gebruik vyf van die klankwoorde om sinne te skryf.

Weerkaart

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______

# 58 Weerkaarte



## Ons doen

Teken vandag se weersimbool.

Teken die klere wat jy vandag behoort te dra.



## Ons skryf

Skryf 'n klasmaat se naam by elke letter neer.
Onthou: Name begin altyd met hoofletters.

B

L

D

M

G

T

H

S

R

K

Datum:



Ons skryf

Voeg die nodige leestekens in.
Gebruik hoofletters, punte, vraagtekens en uitroeptekens.

. ? !

ek hou daarvan om met jannie te speel

hou jy van koue dae

pasop jy gaan nat reën



Ons skryf

Voltooi die dae van die week.
Vul die week se weersimbole in.



Maandag



# 59 Jabu was laat



Ons lees

Lees die leesstuk en omkring al die sp-, sl-, sk- en st-woorde.
Maak elke klank sy eie kleur.

Vanoggend het Jabu verslaap.
Hy het net geslaap en geslaap.

Ben het op hom gespring, maar
hy het nie wakker geword nie.










Jabu se ma het hom nat gespat, sodat hy wakker kon word. Hy was so laat dat hy nie sy spek en eiers kon eet nie.

Jabu het bushalte toe gehardloop maar hy het die bus verpas.

Hy het skool toe gestap.
Ben het saam met hom gestap.
Hy was baie laat vir skool.
"Hoe laat is dit, Jabu?" het
Juffrou kwaai gevra.

Datum:




## Hoe laat is dit nou?



**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Waarom was Jabu laat vir skool?


Hoe het Jabu by die skool gekom?

Waarom het Jabu nie met die skoolbus gery nie?



**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| spoed | spuit | snak | skop |
| spoeg | spaar | snaar | skuur |
| span | speel | sny | skoen |



**Sigwoorde**

was
wou
kon
sou




**Ons skryf** Oefen die sin in jou klaswerkboek. Gebruik vyf van die klankwoorde om sinne te skryf.

Hoe laat is dit?

ONDERWYSER: Handtekening ______ Datum ______


# 60 Hoe laat is dit?




Ons doen


Watter wyser dui die uur aan? kort wyser

Watter wyser dui die minute aan? lang wyser









Kyk na die wysers. Dui die ure en minute aan.


| ure | minute | ure | minute | ure | minute | ure | minute |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |




Ons skryf

Voltooi die horlosies.


Teken die wysers om die ure aan te dui.




eenuur



sesuur



drie-uur





nege-uur

Datum:



**Ons skryf** Kyk na die prent en voltooi die sinne.

| | |
|---|---|
|  | Ek het ____________ uur wakker geword. |
|  | Ek haal die bus om ____________ uur. |
|  | Die skool begin om ____________ uur. |




**Vir die pret**

Sny die horlosie agter in die boek uit.
Knip die wysers uit en maak dit vas met 'n oopbuigspeld.
Wys verskillende tye op die horlosie en sê vir jou maat hoe laat dit is.




# Meer oor tyd
















Ons lees



Jabu kyk graag op sy horlosie.
Jabu word sesuur wakker.



Hy haal die bus om sewe-uur.

Jabu kom twee-uur by die huis aan.

Datum:



Jabu speel eenuur 'n wedstryd.

Hy eet sesuur aandete.

Jabu gaan agtuur slaap.

**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Hoe laat word Jabu wakker?

Hoe laat haal Jabu die bus?

Hoe laat gaan Jabu slaap?

**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.



| | | | |
|---|---|---|---|
| pla | plaag | vlieg | vlooi |
| plak | plaas | vleis | vlam |
| pluk | plan | vlag | vlug |

**Sigwoorde**

bly
daarvan
glo
ou

**Ons skryf** Voltooi die skrifpatroon in jou klaswerkboek.
Gebruik vyf van die spelwoorde om sinne te skryf.


ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# Hoe laat het jy ...?









**Ons doen** Gebruik jou liniaal en verbind die horlosies wat bymekaar pas.




12:00 | 06:00 | 04:00 | 10:00 | 02:00




**Ons skryf** Skryf die tye van die verskillende horlosies neer.
Teken daarna die wysers op die horlosies in om die korrekte tye aan te dui.

| Hoe laat? | Tyd op horlosie | Skryf dit uit |
|---|---|---|
| Ek word ______ wakker. |  | |
| Ek gaan ______ skool toe. |  | |
| Ek kom ______ huis toe. |  | |
| Ek eet om ____ aandete. |  | |



**Ons doen**



Wys die verskillende tye op jou uitgesnyde horlosie.



| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| son | blom | stadig | matig | klere | klaar |
| bleek | seer | rustig | mistig | meer | bere |
| meer | gee | vinnig | groei | see | gee |
| gou | mou | roei | snoei | sop | seep |
| kou | vou | bloei | sproei | mop | pop |
| klim | klein | kruip | sluip | stom | bom |
| klomp | klere | suip | bruin | bang | lang |
| vere | deure | krap | kry | wang | slang |
| kleure | water | bly | my | drink | drang |
| kwater | watter | wink | dink | vang | vonk |
| waar | wat | bleek | spreek | sang | stang |
| wie | wonder | preek | wraak | klank | klink |
| waarom | hoekom | maak | saak | boud | benoud |
| hoeveel | sneeu | blaar | snaar | woud | koud |
| spreeu | skreeu | waar | gaar | wed | red |
| leeu | meeu | daar | naar | praat | pret |



Vir die pret

## Die woordwedloop

Jy en twee van jou maats moet elkeen 'n baan kies.

Gebruik 'n stophorlosie. Let op hoe lank dit duur om al die woorde in jou baan te lees. Ruil bane om, en jaag nog 'n keer resies. Probeer om al die bane se woorde te lees. Hoe meer jy lees, hoe beter sal jy kan lees.
Merk die woorde waarmee jy sukkel. Onthou om die woorde te oefen.



ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# Trek reg aan vir die weer





Ons lees



## Lawwe Nuus

Ben die hond het in Boomstraat afgeloop.
Hy wou die boot in die water gaan instoot.
Ben het 'n groot jas aangehad want dit was baie koud.
Buksie Bok en Petrus Padda het ook jasse aangehad vir die stap deur die woud.
Almal het saam deur die dorp geloop, hul jassies styf toegeknoop.
Die gawe polisieman het gaan staan toe hy hulle daar in die straat sien.
"Waarheen is julle drie op pad?" vra die gawe man.
"Ons wil die boot in die water instoot," sê die drie soos een man.
Die polisieman gee vir hulle warm skoene en sê: "Die boot is klaar ingestoot."

Datum:

**Ons skryf** Lees die storie en beantwoord die vrae in volsinne.

Waarheen was Ben op pad?

Wie het saam met Ben geloop?

Wat het hulle almal aangehad?

Waarom het Ben 'n jas aangehad?

**Werk met woorde** Lees die woorde, luister na die klanke en skryf die woorde in jou klaswerkboek oor.

| | | | |
|---|---|---|---|
| kleur | kloof | flou | fluit |
| klim | kla | fles | fliek |
| klein | kleef | flap | flits |

**Sigwoorde**


gesê
selfs
man
hele

**Ons skryf** Oefen die sin in jou klaswerkboek.
Gebruik jou spelwoorde om sinne te skryf.

Die bok dra 'n groot jas.

ONDERWYSER: Handtekening ____________ Datum ____________

# 64 Die koerant



Ons doen

## Lawwe Nuus

Gesels oor die nuus wat jy in jou koerant kan skryf.





Ons skryf

Skryf jou eie koerantberig.

Naam van jou koerant:

Datum:

Waaroor handel jou nuus?

Wat het gebeur?

Teken 'n prent wat by die nuus pas.

# My woordeboek

A a

B b

C c

D d

E e

F f

G g

H h

I i

J j

K k

L l

# My woordeboek

Mm

Nn

Oo

Pp

Qq

Rr

Ss

Tt

Uu

Vv

Ww


X-Z x-z












glue








## Clock

Cut out the clock and then the hands of the clock. Use the clip (a splitpin) to fasten the hands to the clock so that they can turn around. Now use your clock to show your friends the time.

At the same time fasten this hand to the weather clock on the back of the clock.

Attach the hand to the weather chart and then turn it to show what the weather is like each day.

Cut out the animals on the previous pages and stick them on the next pages to show where they live.

